Hoërskool Bergrivier

Skoolgeskiedenis

Hoërskool Bergrivier is in 1949 gestig ná twintig jaar se pogings om die skool van die grond te kry. Soos die meeste skole het Bergrivier ook klein begin, en soos alle goeie skole het dit groot geword. Hy het met 41 leerders in die Friendly Society Hall begin. Die skool het gegroei en voor lank nog eiendom bekom: die IOTT-saal, die United Society-gebou, Aunty Caroline's Café en die AME Church. In 1951 het dit 'n hoërskool geword en in 1953 het dit 'n skoolgebou ryker geword in die vorm van 'n houtstruktuur. In 1975 het die skool 'n koshuis gekry, en daarna 'n steengebou en 'n saal. Teen 1983 was daar sowat 2000 leerders, en Weltevrede, nou 'n strawwe mededinger, het afgestig. Wellington Sekondêr het in 2003 gevolg. Die skool het van meet af aan akademies, kultureel en op die sportveld gepresteer. Onder sy oudleerders is die digter-filosoof Adam Small, burgermeester Herman Bailey en die sportheld Randall April. In 1998 en 1999 is Bergrivier aangewys as Boland se Sportskool van die Jaar. Die skool blink ook in drama, dans en koorsang uit.

STIGTINGSDATUM: 1949
LEUSE: WERK LEWER SUKSES
ADRES: VOORSTRAAT 325, WELLINGTON

FNB

Rugby by Bergrivier

Die skool het verskeie bekende oudleerlinge opgelewer: Jackie Abrahams, voorsitter van Boland, Francois Davids, kaptein van SARU wat in die verenigde SARFU sameroeper van die nasionale keurders geword het. Nog SARU-spelers van Bergrivier is Dawn Arendse, Francois Davids, Silvin Isaacs, John Cupido, en Daniel Roman. Die skool het ook talle senior Boland-kapteins opgelewer: Thys Adams, Cupido Cupido, John Cupido, Johan Williams, Dawn Arendse en Francois Davids. Op Boland-skolevlak het Danie Roman, Randall April, Stephanus Cedras, Franzell September, Charton Manuel, Mario Jones, Jonathan Schalkwyk, Mario Nell, Burton Abrahams, Aden Goosen en Garth April almal hul merk gemaak. Brendon April wat vir die Valke speel en Randall April, wat in 2004 vir SA Skole gespeel het, asook vir die SA o.19-span wat in 2005 die Wêreldkampioenskapstoernooi gewen het, is seker die bekendste oudleerlinge wat Bergrivier in die laaste tyd opgelewer het.

Derbies is teen Paulus Joubert, New Orleans, en Charleston Hills van die Paarl. Sy eie "kind" Weltevrede, is egter die belangrikste. Die twee skole ding akademies, kultureel en op die sportveld mee, maar dis 'n gesonde wedywer wat geen afbreek aan die eenheid onder die gemeenskap doen nie.

"Mervyn Pieterson en Hendrik le Fleur was my breiers en het my met 'n geesdrif vir die spel besiel. Mervyn is as breier veral goed daarmee om sy vinger te lê op plekke waar 'n mens kan verbeter en hoe om op jou sterk punte te konsentreer. Die groot derby is teen Weltevrede, maar New Orleans is ook belangrik. Ek is soms in die groter derbies skoon uit die wedstryd uit getêkkel!"

— Randall April
(2002-2004; SA Skole 2004; SA o.19 2005)

"Vanweë FNB se betrokkenheid voer rugby hoogty by die skool. Die bank het in die laaste paar jaar die reis van 'n gekombineerde Bergrivier-Weltevrede-span na die KES-fees geborg. Ons is die FNB-Uitnodigingspan van Wellington genoem, en het party van die groter skole die stryd aangesê. Ons was besonder mededingend. Hoe meer rugby op die skool groei, des te meer het uitstekende spelers hulle ontpop. Veral Randall April en Garth April is uitmuntend en daar lê vir hulle 'n blink toekoms voor."

—Mervyn Pieterson
(reeds 21 jaar op die personeel; breier van die 1ste span vir die afgelope vyf jaar